ANKERKAROO AKADEMIE

Amoré *Cronje*



Graad 1–3-onderwyseres en losiesmoeder

In my klaskamer

Ek is ’n toegewyde onderwyseres met ’n groot liefde vir kinders en onderwys. Ek glo elke kind is uniek en verdien die geleentheid om in ’n veilige, liefdevolle en ondersteunende omgewing te leer en te groei. Ek wil leer vir my leerders interessant, kreatief en betekenisvol maak.

Wat my lei

My Christelike geloof en my liefde vir mense vorm deel van wie ek is. Ek wil hê die kinders in my klas moet daardie omgee elke dag beleef.

Ná skool

In my vrye tyd geniet ek die buitelewe. Ek luister ook graag musiek, bak graag en ontspan met ’n goeie boek.